## 29 November - VERLOSSINGSPLAN

**Skrifgedeelte: Eksodus 3:1-22**
**Fokusgedeelte: Eksodus 3:5, 12**

As die mens se paaie doodloop, dan maak God 'n ander pad oop. In ons swakheid word God se krag volbring. Hy is die lewende God – almagtig, alsiende en enig.

Moses sien 'n brandende doringbos. Meer nog: hy hoor iemand met hom praat. En hierdie stem spreek hom persoonlik aan. Ja, hierdie onbeduidende, vereensaamde, uitgeworpe skaapwagter in die woestyn word op die naam genoem. Wanneer God praat, is dit altyd persoonlik.

En God stel Homself voor: Ek is die God van jou voorvaders; die Verbondsgod. Dit is die God wat bemoeienis maak met die mens. Daarom sê Hy ook dat Hy afgekom het. Hy, die almagtige, heilige God, kom af na die nietige mens. God openbaar Hom en buig Hom neer tot in die nood van die mens. En hierdie neerbuig van God na die mens in nood word voorlopig voltooi in die koms van Jesus Christus.

God kom nie as die verterende vuur nie. Die brandende doringbos brand nie uit nie. Hy kom in sy genade. En dan hoor Moses die Stem sê dat hy nie nader moet kom nie. Hy gaan nader uit nuuskierigheid. Hy wil meer weet van hierdie raaiselagtige gebeure. Hier gaan dit egter om 'n geheim: om God wat nie ten volle begryp kan word nie, te aanbid. Moses moes besef dat hy met die heilige, almagtige God te doen het. Dit vra dus ontsag en nederigheid.

Moses moes sy skoene uittrek, want die plek waarop hy staan is heilige, gewyde grond. Alleen in grenslose eerbied kan jy in verhouding met God staan. In die teenwoordigheid van God besef jy jou onwaardigheid, jou sonde. Moses hoef nie weg te gaan, af van die heilige grond, nie. Inteendeel, hy kan met sy kaal voete daarop staan. Hy mag deel daaraan hê. Sy voete het kontak met die heilige grond, en sy voete is deel van sy hele wese, soos ook by die voetwassing.

Knielend by die Kind van Betlehem kry ons deel aan God se bemoeienis met ons; aan God se genade vir ons; aan sy heiliging van ons lewe. En wanneer jy by Jesus kniel, gaan jy besef dat die hele wêreld deur Hom tot heilige grond gemaak is. Die wêreld is die plek waarin God Hom in Christus geopenbaar het. Die wêreld is die plek waar Christus gebore is, geleef het, gesterf het en opgestaan het.

*Sing: Psalm 48:1* *Ds TC de Klerk (Okahandja)*